
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

Iphondo leMpuma Kapa: Isebe leMfundo
Provinsie van die Oos Kaap: Department van Onderwys
Porafensie Ya Kapa Botjahabela: Lefapha la Thuto

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## SEPTEMBER 2024

# RELIGIESTUDIES V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 13 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | B – 'n toestand van volmaakte geluk | (1) |
| | 1.1.2 | B – 'n lering met absolute outoriteit | (1) |
| | 1.1.3 | B – Baha'u'llah | (1) |
| | 1.1.4 | B – die pad van die Heelal | (1) |
| | 1.1.5 | C – Die geloof en aanbidding van een god | (1) |
| | 1.1.6 | C – Hindoeïsme | (1) |
| | 1.1.7 | B – Iran | (1) |
| | 1.1.8 | A – 'n Versameling van leringe van die Profeet Mohammed | (1) |
| | 1.1.9 | B – inheems | (1) |
| | 1.1.10 | A – die nagmaal | (1) |
| 1.2 | 1.2.1 | reïnkarnasie | (2) |
| | 1.2.2 | joga | (2) |
| | 1.2.3 | universeel | (2) |
| | 1.2.4 | jang/yang | (2) |
| | 1.2.5 | Judaïsme, Afrika Tradisionele Godsdiens, Hindoeïsme (Enige EEN) | (2) |
| 1.3 | 1.3.1 | Onwaar. Voorvaders word in Afrika Tradisionele Godsdiens vereer. | (2) |
| | 1.3.2 | Waar | (2) |
| | 1.3.3 | Onwaar. Kosjer is wat toelaatbaar is om in Judaïsme te eet. | (2) |
| | 1.3.4 | Onwaar. Hindoeïsme het 'n kastestelsel. Islam het nie. | (2) |
| | 1.3.5 | Onwaar. Dharma is die weg van hoër waarhede van die Boeddhistiese godsdiens. | (2) |


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.4 1.4.1 D – Politeïsme (2)

1.4.2 E – Taoïsme (2)

1.4.3 A – Tripitaka (2)

1.4.4 B – Voorvaders (2)

1.4.5 C – Kruistogte (2)

1.5 1.5.1 **Vergelykbaarheid** (2)
- Dit verwys na 'n vergelyking wat gemaak kan word tussen godsdienstige groepe of godsdienstige instellings (bv. denominasies).
- Dit beteken nie dinge is dieselfde nie.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

1.5.2 **Eendersheid**
- Om eenders te wees.
- Om soos 'n ander godsdiens te wees.
- Twee of meer dinge kan dieselfde wees.
- Dieselfde tipe, met dieselfde natuur, met dieselfde vorm.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

1.5.3 **Identiteit**
- Identiteit beteken individualiteit.
- Dit beteken die godsdiens het individualiteit of 'n sekere persoonlikheid.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

1.6 **Karma**
- Karma is die oortuiging dat elke aksie 'n gevolg (resultaat) het, wat of goed of sleg kan wees.
- Hierdie gevolg sal óf in hierdie lewe óf in toekomstige lewe ervaar word.
- So, 'n persoon se huidige lewe is dus die resultaat van wat in hul vorige lewe gebeur het.

**Ubuntu**
- Ubuntu is 'n Afrika woord wat respek beteken.
- Ubuntu beteken om na die welstand van ander om te sien.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

**TOTAAL AFDELING A: 50**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

## VRAAG 2

2.1 2.1.1 **Oortuigings/Geloof**

- Dit verwys na wat aanhangers beweer waar is.
- Dit vorm die fondasie wat mense saam bring vir ŉ gemeenskaplike doel en help om ŉ gedeelde identiteit te skep.
- Geloof beteken ŉ ferm oortuiging, byvoorbeeld volgens die Joodse geloof is daar slegs een God, naamlik YAHWEH.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.2 **Mites**

- Bevat soms historiese of metaforiese materiaal.
- Die woord mite kom van die Griekse woord 'mythos' wat woord of fabel beteken.
- Mites openbaar die dieper waarhede oor die skepping, lewe en die dood.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.1.3 **Allegorie**

- Allegorie is baie soos ŉ gelykenis.
- Dit is ŉ storie wat vertel word om ŉ beginsel te illustreer.
- ŉ Allegorie kan baie langer as ŉ gelykenis wees.
- Dit is nie beperk tot die maak van net een enkele punt nie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.2 2.2.1 **Onderskei tussen *straf* en *beloning* in Afrika Tradisionele Godsdiens.**

- Die geloof in voorvaders wys dat die siel onsterflik is en dat daar lewe na die dood is.
- Lewe na die dood hou nie straf of beloning in nie.
- Dit, word geglo, vind plaas terwyl mense lewe.
- Goeie dade word in hierdie lewe beloon deur die voorvaders, wie die mondstukke van die skepper is.
- Om die harmonie te versteur deur disrespek, om bose dinge aan God se skepping te doen, of om nie jou verantwoordelikheid na te kom nie, word gesien as verkeerd.
- Ongeluk en siekte is die resultaat van straf deur die voorvaders.
- ŉ Ritueel om die voorvaders gelukkig te maak, moet dan gedoen word.
- Oortreders doen hul belydenis in die openbaar en vra om vergifnis.
- Die oortreders word vergewe en genees vir wat hulle gedoen het.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.2 **Beskryf DRIE faktore wat die godsdienstige identiteit van mense vorm.**

- Die godsdienstige identiteit van 'n persoon word deur sekere rituele gevorm.
- Godsdienstige identiteit word ook deur godsdienstige simbole gevorm.
- Kleredrag vorm ook godsdienstige identiteit.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

2.3 **Noem enige TWEE unieke kenmerke van elk van die volgende godsdienste:**

2.3.1 **Afrika Tradisionele Godsdiens**

- ATG het nie 'n heilige boek nie.
- Leringe en rituele word van een generasie na 'n ander generasie deur die gesproke woord oorgedra.
- Daar is geen spesiale dag van aanbidding nie.
- Kommunikasie met die voorvaders deur die offer van diere is 'n uniek kenmerk van Afrika Tradisionele Godsdiens.
- Die voorvaders het die mag om siekte en ongeluk, geluk en gesondheid te gee.
- Wanneer mense sterf, word daar geglo dat hulle by die geestes-wêreld aansluit.
- Die deel van 'n gemeenskaplike maaltyd sodat die lewendes met die voorvaders kan kommunikeer, is baie belangrik.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.3.2 **Judaïsme**

- Jode glo dat hulle 'n verbond met God het.
- God word gesien as 'n Vaderfiguur, wie beide hulle Skepper en Beskermer is.
- God is heilig en hulle word verbied om selfs Sy naam te noem.
- Hulle lê meer klem op die korrekte manier van lewe, as in geloof.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.3.3 **Islam**

- Moslems glo dat daar slegs een God is, en dat sy naam Allah is.
- Hulle glo dat Allah verskeie profete gestuur het, maar dat die finale boodskapper die Profeet Mohammed is.
- Hul primêre bronne is die Koran en die Hadith.
- Hulle glo in die finale oordeel wanneer die mensdom geoordeel gaan word.
- Hulle glo dat die Koran in Arabies geopenbaar is.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3.4 **Christendom**

- Christene glo in die Here Jesus Christus as die Seun van die lewende God.
- Hulle glo dat God sy Seun gestuur het om te sterf vir die sonde van die wêreld.
- Hulle glo dat God die menslike vorm van Jesus Christus aangeneem het.
- Christene glo in die Drie-Eenheid – die Vader, die Seun en die Heilige Gees.
- Christene glo dat Jesus die enigste weg na God is.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

2.4 **Algemene kenmerke wat tussen Hindoeïsme en Boeddhisme bestaan.**

- Beide glo in reïnkarnasie ('samsara')
- Beide het heilige boeke
- Beide neem deel aan rituele
- Aanhangers vier spesiale heilige dae
- Beide het in Indië ontstaan

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (8)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

3.1 3.1.1 **Verduidelik kortliks die konsep *godsdiensvryheid*.**

- Godsdiensvryheid beteken dat alle mense vry moet wees om hul godsdienstige oortuigings uit te oefen.
- Die konsep godsdiensvryheid beteken dat mense kan nie geforseer word om na 'n ander godsdiens oor te gaan nie.
- Godsdienstige vryheid impliseer dat almal oral die vryheid van keuse het oor wat hulle wil glo oor God.
- In Suid-Afrika, geniet mense godsdiensvryheid en die Konstitusie verbied onregverdige diskriminasie.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

3.1.2 **Definieer die konsep *godsdienstige verdraagsaamheid*.**

- Godsdienstige verdraagsaamheid beteken om godsdienstige oortuigings en praktyke anders as jou eie, te verstaan en te respekteer.
- Die gewilligheid om opinies en gedrag waarvan jy nie hou nie of mee saam stem nie, te verdra.
- Godsdienstige verdraagsaamheid is waar mense ander toelaat om godsdienste en oortuigings wat anders is te beoefen.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

3.1.3 **Dink jy godsdiensvryheid is voor 1994 in Suid-Afrika beskerm. Gee redes vir jou antwoord.**

- Godsdiensvryheid was nie tydens apartheid beskerm nie.
- Tydens apartheid was slegs Christendom as 'n staatsgodsdiens erken.
- Christendom was die dominante godsdiens.
- Christelike Nasionale Onderwys was die staat se onderwysbeleid.
- Bybelkunde, op hoërskole en Bybelonderrig, in laerskole, was aangebied.
- Daar was geen godsdiensvryheid op die wetboeke nie.
- In demokratiese Suid-Afrika word alle godsdienste gelyke status gegee.

**LET WEL**: Enige relevant antwoord moet gekrediteer word. (10)

3.1.4 **Noem die menseregteskendings in Palestina.**

- Die onwettige moorde op Palestyne in Israel en die besette gebiede.
- Beperkings op Palestyne in Jerusalem.
- Beperkings in terme van privaatheid.
- Beperkings in die familie en huis.
- Aansienlike inmenging met die vryheid om vreedsaam te vergader en in vryheid van assosiasie.
- Dreigemente van geweldpleging teen Palestyne.
- Daar is rassediskriminasie.
- Daar is geen arbeidsregte nie.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.2 3.2.1 **Bespreek EEN voorbeeld van hoe die gebruik van sosiale media tot inter-godsdienstige konflik kan lei.**

- In 2012 is ŉ kort film met die naam "Innocence of Muslims" op YouTube vrygestel.
- Dit was ŉ aanval op die karakter van die Profeet Mohammed.
- Dit het tot gewelddadige betogings in baie Moslemlande gelei.
- Aanvanklik is berig dat die film deur Jode in die VSA gemaak en befonds is.
- Later is uitgevind dat dit deur ŉ Koptiese Christen wat in die VSA woon, gemaak is.
- Dit is deur ŉ Christelike maatskappy met die naam, 'Media for Christ' befonds.
- Hierdie film het tot verhoogde spanning tussen Christene en Moslems gelei.
- Media moet sensitief, onpartydig en objektief bly.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

3.2.2 **Noem VIER strategieë om die misbruik van sosiale media te verhoed.**

- Sosiale media maatskappye moet geen verdraagsaamheidbeleid het rakende godsdienstige beledigings nie.
- Daar moet ernstige sanksies teen rekeninghouers wees wat die media misbruik (d.w.s. hierdie rekeninge moet aan die relevante owerhede oorgegee word en rekeninge moet gevries word).
- Godsdienstige organisasies moet vennootskappe met sosiale media maatskappye vorm en plasings wat beledigende kan wees monitor.
- Anonieme plasings wat enige godsdiens beledig moet verwyder word.

**LET WEL:** Enige relevant antwoord moet gekrediteer word. (8)

3.2.3 **Noem DRIE strategieë wat die media gebruik om ons opinies te beïnvloed.**

- Uitgewers/Redakteurs besluit alleen watter gebeurtenisse nuuswaardig is.
- Hulle besluit ook hoeveel belangrikheid ŉ gebeurtenis gegee word.
- Die media probeer om nie hul borge/adverteerders te beledig nie, omdat dit hul winste kan laat daal.
- Die media gebruik sensasie omdat dit verkope aanmoedig.
- Dus geniet kontroversiële sake meer aandag as suksesvolle gebeure.
- Groot mediamaatskappye besit verskeie media-afsetpunte. Al die afsetpunte sal dieselfde opinie weergee.
- Vir die niksvermoedende leser lyk dit asof verskillende redakteurs almal oor ŉ saak saam stem, terwyl dit in werklikheid slegs die opinie van een mediahuis is.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (6)

**[50]**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4

4.1 4.1.1 **Noem enige land in Afrika waar daar moontlike gewelddadige godsdienstige konflik voorkom.**

- Soedan

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

4.1.2 **Verduidelik die redes waarom die Afrika-unie ontstaan het.**

- Dit het ontstaan om Afrika se demokrasie te help verseker.
- Dit het ontstaan om menseregte te vestig.
- Hul doel is die ontwikkeling van ŉ volhoubare ekonomie.
- Dit was gestig om ŉ einde aan intra-Afrika konflik te beëindig.
- Die Afrika-unie wou ŉ effektiewe gemeenskaplike mark skep.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet aanvaar word. (10)

4.1.3 **Wat is die redes vir die konflik in VRAAG 4.1.1?**

- Die verskuiwingslyne in die Darfur-samelewing kan tot meer as ŉ 100 jaar gelede nagespoor word.
- Die meningsverskille in hierdie land is etnies/stamverband en kultureel.
- Dit kom voor asof godsdiens nie die hoofbron van konflik is nie.
- Die meeste mense is Soenni-Moslems, soos ook in die regering in Kartoem.
- Daar is ook Christene en animiste.
- Nomade en boere het vir baie eeue ŉ poging aangewend om saam met mekaar te leef, maar toe kos skaars geword het, het mededinging om skaars hulpbronne konflik veroorsaak.
- Die Soedanse regering wou Sjaria-wette in die land afdwing.
- Die konflik was ook ekonomies.
- Die regering wou beheer hê oor die ryk Heglig-olievelde.
- Selfs na Suid-Soedan in 2011 onafhanklikheid van Kartoem bekom het, het die gewapende konflik steeds in die streek voortgedeur.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet aanvaar word. (8)

4.1.4 **Analiseer krities die rol van godsdiens in die konflik.**

- Godsdiens speel ŉ baie klein rolletjie in die konflik, daarom is dit nie ŉ godsdienstige konflik nie.
- Geen poging was deur een godsdiens aangewend om die ander te bekeer nie.
- Die afdwing van Sjaria-wette is dus nie die oorsaak van die konflik nie.
- Die burgeroorlog in die land het sover as 1955 begin.
- Daar is talle verdelings (ekonomies, kultureel en stam), wat selfs na die stigting van Suid-Soedan voortdeur.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet aanvaar word. (8)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.1.5 **Wat kan godsdienstige organisasies doen om politieke vrede te bring?**

- Godsdienstige hulp-organisasies is belangrik in die voorsiening van praktiese ondersteuning in die konflik-gebiede.
- Daar is godsdienstige organisasies soos die 'Islamic Relief Agency', en die "Catholic Agency for Overseas Development".
- Die voorsiening van boumateriaal en mediese hulp.
- Godsdiens organisasies voorsien ook kos.
- Hulle lei plaaslike gemeenskappe oor lewensvaardighede op, wat mense help om die uitdagings van gewelddadige konflik die hoof te bied.
- Terwyl godsdiens organisasies teen konflik is, is hulle magteloos om dit te stop.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)

4.2 **Verduidelik die volgende terme in die konteks van godsdiens.**

4.2.1 **Ideologie**

- Het te doen met die oorkoepelende wêreldbeskouings wat betekenis vorm en algehele bestaanspatrone.
- Dit word afgedwing deur die dominante groepe wat mag het.
- Dit is ŉ stel beginsels oor hoe ŉ gemeenskap georden moet word.
- Ideologieë word altyd beveg.
- Daarom dat daar so baie ideologieë in die wêreld is.
- Dit is die breedste kategorie om te beskryf wat aanhangers van ŉ godsdiens glo.
- Voorbeelde hiervan is kommunisme en Marxisme.

**LET WEL:** Enige relevant antwoord moet gekrediteer word. (4)

4.2.2 **Doktrine/Leerstellings**

- Dit verwys meer na die rol van intellektueles in godsdienstige gemeenskappe wie godsdienstige oortuigings organiseer in samehorige filosofiese patrone.
- Is ŉ stel godsdienstige leringe/beginsels of oortuigings.
- Daar is altyd argumentering en onderhandeling want doktrines word saamgestel in verhouding tot filosofiese wêreldbeskouings.
- Doktrines word gewoonlik betwis in verhouding tot die Griekse filosofieë van die tyd.
- Die doktrine van Christus se wese as beide God en mens het ontwikkel in verhouding tot die Griekse begrip van natuur en wese.

**LET WEL:** Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2.3 **Gelykenis**

- ’n Gelykenis is ’n storie wat ’n dieper betekenis het as die eenvoudige kant wat vertel word.
- Dit is ’n storie wat ’n morele punt demonstreer.
- Gelykenisse is binne die kulturele en sosiale omgewing van die mense wat dit vertel.
- Gelykenisse word maklik van een persoon na ’n ander oorgedra.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

**[50]**

## VRAAG 5

5.1 **Verduidelik die volgende konsepte in die konteks van religie:**

5.1.1 **Sinkretisme**

- Twee verskillende geloofstelsels wat gekombineer word om ’n nuwe een te vorm.
- Die praktyke, gelowe en denkpatrone van verskillende tradisies word geakkommodeer en aangepas, of selfs gemeng.
- ’n Voorbeeld is Sikhisme, wat ’n kombinasie van Islam en Hindoeïsme is.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

5.1.2 **Pluralisme**

- Pluralisme is die geloof dat alle godsdienste paaie na die waarheid is.
- Alle godsdienste is ten volle waar.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

5.1.3 **Inklusivisme**

- Volgens hierdie siening, glo aanhangers dat ander godsdienste goed is, maar die volle waarheid kan slegs in sy of haar godsdiens gevind word.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

5.1.4 **Eksklusivisme**

- Volgens hierdie siening, glo aanhangers dat slegs hul siening oor goddelikheid waar is.
- Ander godsdienste is vals.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (2)

5.1.5 **Onderskei tussen *inter-religieuse* en *intra-religieuse konflik*.**

- Inter-religieuse konflik vind plaas wanneer twee godsdienste in konflik is, byvoorbeeld Islam en Christendom.
- Intra-religieuse konflik is wanneer twee groepe binne dieselfde godsdiens in konflik is, byvoorbeeld Katolieke en Protestantse (Christen), of Soenni en Shia (Moslem)

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2 5.2.1 **Bespreek die ontwikkeling van Afrika-geïnisieerde kerke in Suid-Afrika.**

- Afrikane was nie gelukkig om aan Europese-beheerde kerke te behoort nie.
- Swart (Afrikane) kerkleiers en predikers wou hul eie kerke het wat geheel en al deur Swart (Afrikane) beheer.
- Vanaf ongeveer die einde van die 19de eeu, het Swart kerke begin ontstaan.
- Dit was georganiseer en deur swartmense gelei.
- Dit is waarom dit Afrika Onafhanklike Kerke (AOK) genoem was.
- Hul oortuigings en strukture was baie soos die wit sendingkerke.
- Hul invloed het baie te doen gehad met die ontwikkeling van verskillende kerke soos die Sioniste en Apostoliese kerke.
- Hulle het op geestelike en fisiese genesing gekonsentreer en het aspekte van Afrika Tradisionele Godsdienste se oortuigings en praktyke ingesluit.
- Tans is daar meer mense wat aan hierdie kerke behoort as enige ander Christelike denominasie in SA.
- Die volgende is Sion Christelike Kerke, Bandla lama Nazareth, Ethiopiese tipe kerke ander Afrika onafhanklike kerke.
- Hierdie kerke word soms Afrika Inheemse Kerke genoem.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)

5.2.2 **Verduidelik die gemeenskaplike oortuigings wat deur Abrahamitiese godsdienste gedeel word.**

- Hulle is glo in een God (monoteïsties).
- Hulle deel baie profete – Abraham, Isak, Moses, ensovoorts.
- Hulle glo in ŉ oordeelsdag.
- Hulle glo in lewe na die dood.
- Hulle glo in engele.
- Hulle glo in die bestaan van satan.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.

5.2.3 **Bespreek die konsep lering in die konteks van religie.**

- Lering beteken om te leer.
- Dit beteken om inligting te gee.
- Dit beteken ook om kennis mee te deel om geloof in ŉ spesifieke godsdiens te versterk.
- In godsdiens, beteken dit spesifiek om sistematiese inligting te gee oor ŉ onderwerp of aspek van godsdiens.
- Lering is ŉ normatiewe verduideliking van iets.
- Lering speel verskillende rolle in verskillende godsdienste.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (10)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.3 **Bespreek die rol van intergeloof-samewerking ten opsigte van die volgende.**

5.3.1 **HIV en Vigs**

- Vigs pasiënte word versorg.
- Die HIV- en Vigs-hulplyn is met die samewerking van verskillende godsdienste geskep.
- Die leiers van verskillende godsdienste neem betekenisvol deel aan die sorg van HIV- en Vigs-pasiënte.
- Gebede word gedoen sonder diskriminasie teenoor enige HIV- en Vigs-pasiënte.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)

5.3.2 **Anti-geslagsgebaseerde-geweld**

- Godsdiensleiers moet opgelei word om hul volgelinge te leer hoe om geslagsgebaseerde-geweld korrek te hanteer.
- Staan vir die skryf van wetgewing en die toepassing daarvan om gemeenskapslede te beskerm.
- Skep multigodsdienstige sentrums waar mense hulp of regshulp kan ontvang.
- Godsdiensleiers kan optogte reël na die parlement om teen geslagsgebaseerde-geweld te protesteer.

**LET WEL**: Enige relevante antwoord moet gekrediteer word. (4)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS